nabygeleë oewer hulle kan nooi om die hitte te ontwyk, en 'n boom op hul pad hulle in sy gasvrye lower kan huisves. In die middel van die water, of dit nou roerloos staan of voortstroom, moet jy wilgerstompe in die dwarste en groot rotsblokke gooi, sodat die bye op talryke brûe kan neerstryk en hulle vlerke in die somerson kan uitsprei, indien die Oostewind miskien die traes natgespat, of halsoorkop in die water gedompel het. Laat groen kaneel hierrondom bloei, en wydgeurende wildetiemie en 'n plaat bonekruid met sy skerp reuk; en laat beddinkies viooltjies die sypelende fonteintjie drink.

Maar die korwe self, of jy hulle nou van hol kurkbas aanmekaar genaai, of van buigsame wilgerlatte gevleg het, moet smal ingange hê. Want die winter maak met sy koue die heuning styf, en hitte weer maak dit sag en loperig – albei uiterstes wat eweseer te vrees is vir bye. En dis nie sonder rede dat hulle die klein openinkies in hul wonings wedywerend met was toesmeer en die skrefies met 'n gom van blomme opvul, en juis vir hierdie doeleindes 'n lym wat taaier as hars of die pik van Frigië se Ida is, vergaar en bewaar nie. As die berig juis is, het hulle ook al dikwels hulle huise knus gebou in uitgeholde skuilplekke onder die aarde, en is hulle al diep in puimsteengate, en in die holte van 'n verweerde boomstam aangetref. Maar jy moet hulle slaapsale wat vol splete is rondom met gladde modder toesmeer om hul warm te hou, en 'n paar blare bo-op gooi. En moet ook nie 'n taksisboom te na aan hul woning toelaat, of rooi krappe op jou haardvuur brand, of 'n diep moeras vertrou, of 'n plek waar daar 'n nare reuk van modder is, of waar die hol rotse van die slag weerklink, en die eggo van jou stem terugkaats as hul dit tref nie.

En origens, wanneer die goue Son die winter verjaag en onder die aarde in verdryf, en die hemel met somerlig ontsluit het, deurkruis hulle onmiddellik die bergweides en woude, en samel die oes van die helderkleurige blomme in en proe liggies aan die oppervlakte van die strome. Daarom is hulle vrolik van 'n geheimsinnige vreugde en vertroetel hulle hul kroos in die nes; daarom smee hulle die vars was kunstig en vervaardig klewerige heuning. Daarom, wanneer jy opkyk en die swerm, pas uit hul korf bevry, deur die helder somerlug na die hemelse sterre sien dryf, en dit jou verbaas hoe hulle as 'n donker wolk op die wind voortgetrek word, let dan goed op: altyd is hulle op

soek na soet water en lowerryke skuilings. Hier moet jy die voorgeskrewe geure sprei: gekneusde balsembossie en die nederige blad van die wasblom. Laat hier 'n gerinkel weerklink en skud die simbale van die Moeder[2] in die omgewing: uit hulle eie sal hulle op die behandelde plekke gaan sit, en uit hulle eie, volgens gewoonte agter in hulle broeikamer gaan skuil.

Maar as hulle daarenteen uittrek tot die stryd – want dikwels het tweedrag hom al met felle hartstog van twee konings meester gemaak – kan 'n mens dadelik van ver af die gevoelens van die menigte en die harte, polsend van geesdrif vir die stryd, vooraf bemerk. Want die bekende strydgeskal van die skor koper berispe die traes, en 'n geluid wat die staccato klanke van trompette naboots word gehoor. Dan kom hulle onrustig met trillende vlerke bymekaar, slyp hulle angels met hul bekke en span hul spiere. Rondom die koning en vlak by hulle hoofkwartier drom hulle dig saam, en daag die vyand met luide geskree uit. Wanneer hulle dan 'n helder lentedag en 'n oop vlakte kry, storm hulle by die poorte uit; die geveg word aangeknoop en hoog in die lug ontstaan 'n dreungeluid. Deurmekaar pak hulle in 'n groot bol saam en val dan halsoorkop op die grond neer: hael val nie digter uit die hemel nie, en soveel akkers reën nie uit die steeneik neer wanneer dit geskud word nie. Tussen die veglinies handhaaf die aanvoerders met hul opvallende vlerke self reusemoed in hulle klein hartjies, deurentyd vasbeslote om nie te wyk nie, totdat die gestrenge oorwinnaar hierdie of daardie kant verplig het om die rug te keer en te vlug. Hierdie hartstogte en hierdie felle botsings word beteuel en kom tot bedaring deur die opgooi van 'n klein bietjie stof.

Maar wanneer jy albei leiers uit die slag teruggeroep het, moet jy die een met die swakker voorkoms aan die dood oorlewer, sodat hy nie as verkwister 'n oorlas sal wees nie, en laat die een met die edeler voorkoms toe om alleen in die paleis te regeer. Een van hulle sal gloei van ruwe goue vlekke – want daar is twee soorte – die een is edeler, opvallend in voorkoms, en skitter van geelrooi skubbe; die ander verwaarloos van slapheid, en sleep 'n breë maag roemloos agter hom aan. Net soos die voorkoms van die heersers tweevoudig is, so ook die gestaltes van die gewone volk. Want party is onooglik en verwaarloos, soos wanneer 'n gedehidreerde reisiger uit diep stof kom en grond uit sy droë mond spuug. Die ander blink en skitter met 'n glans, hul

gloeiende lywe gespikkel met simmetriese goue vlekkies. Dît is die verkieslikste ras; van húlle sal jy in die vasgestelde jaargety soet heuning uitdruk – nie juis so soet, as helder en geskik om die wrang smaak van wyn te temper nie.

Maar wanneer die swerms doelloos rondvlieg en in die lug baljaar, die heuningkoeke versmaai en hulle korwe koud agterlaat, moet jy hulle wispelturige hart die onsinnige spel ontsê. En dis geen groot taak om hulle dit te ontsê nie: pluk jy net die konings se vlerke uit! Solank húlle agterbly, sal geen enkele by dit waag om 'n tog deur die hemelruim te onderneem of om die vaandels in die kamp uit te ruk nie. Laat tuine, geurend van saffraankleurige blomme, hulle dan lok, en laat die bewaker teen diewe en voëls, laat die beskermende hand van Priapus uit die Hellespont hulle met sy wilgerhoutsekel beskerm. Laat die boer wat op sulke dinge gesteld is, self tiemie en veldlouriere van die hoë berge af bring en hulle orals om die korwe plant. Self moet hy sy hand met harde arbeid laat wegslyt, self vrugbare steggies in die grond plant en voedende reënwater daarop giet.

En waarlik, as ek nie reeds vlakby die uiterste einde van my taak besig was om my seile in te haal, en my te haas om die voorstewe landwaarts te swaai nie, sou ek miskien ook gesing het van die sorgvuldige bebouing wat tuine weelderiger versier; van die roostuine van Paestum wat twee maal per jaar bloei; van hoe die sigoreiplante en die oewers, groen van seldery, hulle verlustig in die stroompies wat hulle opdrink; van hoe die komkommer deur die gras kronkel en aanswel en 'n magie kry. En ek sou ook nie geswyg het oor die láát bloeiende narsing, of oor die taai stengel van die krullende beerklou, die bleek klimop, en die mirte wat van die kus hou nie. Want ek herinner my dat ek onder die torings van Oebalië[3] se vesting, waar die donker Galaesus die goudgeel koringvelde benat, 'n ou man uit Corycus gesien het wat 'n paar akker uitvalgrond gehad het, grond daardie, wat nie vrugbaar vir ploegdiere, of geskik vir 'n kudde, of bruikbaar vir wynbou was nie. En tog, terwyl hy hier en daar tussen die braambosse sy groente plant, met wit lelies en ysterkruid en slanke papawer daarrondom heen, het hy in sy gemoed die skatte van konings geëwenaar, en wanneer hy saans laat terugkeer huis toe, het hy sy tafel belaai met 'n fees wat hy nie gekoop het nie. Hy was die eerste wat in die lente rose, en in

die herfs vrugte gepluk het, en wanneer die sombere winter nog die rotse met sy koue laat kraak, en die waterstrome met sy ys beteuel, het hy alreeds die bloeisels van die tere hiasint afgepluk, terwyl hy die somer wat so laat kom, en die talmende Westewinde verwyt. Daarom was hy ook die eerste wat .n oorvloed vrugbare moederbye en menige swerms gehad het, en die eerste wat skuimende heuning uit die geparste koeke versamel het. Hy het ook 'n menigte lindebome en veldlouriere 140
gehad, en net soveel vrugte as waar die vrugbare boom hom in die vroeë blomtyd mee beklee het, het dit aan ryp vrugte in die herfs behou. Hy het ook volgroeide olmbome in rye oorgeplant, peerbome met harde hout, wildepruime wat al pruime dra, en die plataanboom wat reeds aan drinkers skaduwee verskaf. Maar omdat ek self inderdaad deur onvoldoende ruimte verhinder word, gaan ek hierdie onderwerpe verby en laat hulle aan ander oor om ná my te vertel.

Kom nou, en ek sal die eienskappe uiteensit wat Jupiter self aan die bye toebedeel het, as beloning waarvoor hulle die soet- 150
klinkende geluide en kletterende bronsgeskal van die Curetes gevolg, en die koning van die hemelruim in die grot van Dicte gevoed het. Hulle alleen het 'n gemeenskaplike kroos, besit die wonings van hul stad gesamentlik, en bring hul lewe onder magtige wette deur. Hulle alleen ken 'n vaderland en 'n vaste tuiste, en gedagtig aan die winter wat sal kom, verrig hulle in die somer harde werk en bêre wat verkry is, vir almal se gebruik. Want party hou toesig oor die insameling van voedsel en volgens 'n akkoord aangegaan, swoeg hulle in die velde; party plaas binne die grense van hul wonings narsingtraan en taai gom van 160
boombas as die eerste fondamente vir die heuningkoeke, en daaraan hang hulle die klewerige was. Nog ander lei die volgroeide jong bye, die hoop van die nasie, na buite, en ander stapel die allersuiwerste heuning op en laat die selle swel van helder nektar. Daar is ander op wie die wagstaan by die poorte as 'n lotstaak geval het, en om die beurt bespied hulle die reënbuie en wolke van die hemel, of hulle neem die vragte van die aankomelinge in ontvangs, of vorm 'n slaglinie en hou die hommelbye, 'n trop luiaards, van hul wonings af weg. In gloeiende ywer gaan die werk voort en die geurige heuning ruik na 170
tiemie. Net soos wanneer die Siklope haastig bliksems uit taai metaalmassas smee, en party die lug met blaasbalke van beesvel intrek en uitstoot, terwyl ander die sissende koper in die water-

bak dompel; Etna kreun onder die aambeelde wat op hom geplaas is; met groot krag lig hulle hul arms ritmies om die beurt en keer die yster om met 'n knellende tang – net so, as dit geoorloof is om klein dingetjies met grotes te vergelyk, vuur die ingebore drang om te besit die Atheense bye aan, elkeen met sy eie taak. Die bejaardes versorg die dorpe, en dis hul taak om die heuningkoeke stewig te bou en vorm te gee aan die vernuftig ontwerpte wonings. Maar die jongeres keer laataand vermoeid terug, hulle bene met tiemie belaai; oral rond wei hulle op aarbeibome en bleekgroen wilgers, op wilde-kaneel en die blosende saffraan, op die weelderige lindeboom en roesrooi hiasinte. Vir almal is daar een tyd om te rus na die arbeid, vir almal een tyd om te werk. Vroeg in die môre haas hulle by die poorte uit, en nêrens is daar 'n getalm nie.

Wanneer die aandskemering hulle gemaan het om nou eindelik weer uit die weiding op die vlaktes pad te gee, dán soek hulle hul wonings op, dán versorg hulle hul liggame; 'n gegons ontstaan, en hulle soem om die rande en die ingang. Later, wanneer hulle hul reeds te ruste gelê het in die slaapvertrekke, tree daar stilte vir die nag in en welverdiende slaap oorval hulle moeë ledemate. As daar reën dreig, gaan hulle nie te ver van hulle opstal af weg, en vertrou ook nie die lug as die Oostewinde opkom nie, maar onderneem kort toggies en gaan haal in veiligheid water in die buurt, vlakby die mure van hul stad. En dikwels neem hulle klippies saam boontoe, net soos dobberende bootjies ballás opneem wanneer die stormgolwe hulle rondslinger, en daarmee beheer hulle hul ewewig deur die yl wolke heen.

Dit sal jou verbaas dat juis dié gebruik by bye ingang gevind het, naamlik, dat hulle nie behae skep in geslagsverkeer of loom hulle liggame vir liefde laat ontspan, of met geboortepyne 'n kroos voortbring nie, maar vanself[4] hul kinders met die mond van blare en geurige gewasse afhaal, vanself hulle koning en klein burgertjies aanvul, en opnuut hul paleise en koninkryke van was ómvorm. Dikwels het hulle ook met hul ronddwaal tussen ruwe rotse hulle vlerkies stukkend geskuur en hul lewe gewillig onder hul las prysgegee: so groot is hulle liefde vir blomme, so groot vir hul die eer om heuning te vervaardig. Derhalwe, hoewel die einde van 'n kort bestaan op die bye self wag – want dit strek nie verder as die sewende somer nie

—bly die geslag tog onsterflik, hou die lotgevalle van die huis baie jare lank stand, en word grootvaders van grootvaders onder hulle getel.

Bowendien eer nòg Egipte, nòg die magtige Lidië, nòg die 210
stamme van die Parthiërs, of Mediese Hydaspes hulle heerser só. Solank die koning veilig is, het almal een strewe, maar as hulle hom verloor het, verbreek hulle die onderlinge trou, plunder self die heuningselle wat hulle opgebou het en verwoes die vlegpatrone van die koeke. Hý hou toesig oor hul take, hóm vereer hulle, hóm omring almal met die gesoem van 'n menigte en drom in groot getalle om hom saam. Dikwels lig hulle hom op hulle skouers, stel vir hom hul liggame aan die stryd bloot en soek 'n roemryke dood aan wonde. Afgaande op hierdie aanduidings en na aanleiding van hierdie voorbeelde het sommige mense beweer dat bye iets van die goddelike gees, en teue van die eter het; want hulle sê God deurdring alle lande, al die 220
uitgestrekte gebiede van die see en die diepte van die ruim; vee en kuddes, die mens en iedere soort wilde dier, haal elkeen by geboorte sy brose lewe van Hom; daarna word alles immers na Hom teruggebring en herlei wanneer dit ontbind is; vir die dood is daar geen plek nie, maar lewend vlieg hulle na die sterremenigte en styg na die hoë hemel op.

Wanneer jy ook al hul verhewe woning en die opgegaarde heuning in die skatkamers ontsluit, moet jy eers jou gesig met 'n skeppie water besprinkel en beskerm, en indringende rook voor 230
jou in jou hand uithou. Twee maal samel boere die oorvloedige opbrengs in, en daar is twee oestye: sodra die Pleiade Taÿgete haar skone gelaat aan die aarde vertoon, en met haar voet die water van die Oseaan veragtend weggestoot het; of wanneer dieselfde ster op haar vlug voor die konstellasie van die waterryke Vis, bedroef uit die hemel in winterwaters ondergaan. Die bye se woede ken geen perk nie, en as hul gesteur word, blaas hulle gif in hul byte, klou aan jou are vas, laat hul angels onsigbaar agter, en lê hul lewens neer in die wond.

Maar as jy 'n strawwe winter vrees en op die toekoms bedag is, en medelye het met hul gebroke moed en verwoeste wêreld, wie 240
sou dan aarsel om die korf met tiemie te ontsmet en die leë waskoeke weg te sny? Want dikwels het 'n akkedis onopgemerk aan die heuningkoeke geknaag, is die slaapvertrekke volgepak

van ligsku kakkerlakke, en sit die werksku hommel by 'n ander se dis aan; of het die nydige perdeby met ongelyke wapens tot die stryd toegetree, of 'n aaklike soort mot, of die spinnekop, gehaat deur Minerva, hang sy losgeweefde nette voor die ingang op. Hoe meer hulle uitgemergel is, hoe flinker sal almal hulle beywer om die ondergang van hul gevalle nasie te herstel, sal hulle die rye selle vul en die skure met blomwas bou.

Maar as hul liggame wegkwyn van 'n aaklige siekte — want die lewe het vir die bye ook ons lotgevalle besorg — iets wat jy nou aan onmiskenbare tekens sal kan herken : die siekes het dadelik 'n ander kleur; 'n afgryslike maerte ontsier hul voorkoms; dan dra hulle die lyke van die ontslapenes uit hul huis en vorm 'n lang, somber lykstoet. Of anders hang hulle by die ingang met hul pootjies aan mekaar gehaak, of almal draal daarbinne in hul toegesluite huis, pap van die honger en traag van die nypende koue.

Dan word 'n dieper geluid gehoor, en hulle soem op slepende toon, soos die koue Suidewind soms in die bosse ruis, soos die gekwelde see sis as die golwe terugspoel, soos verterende vuur in toe oonde dreun. Dan sal ek jou aanraai om dadelik geurige hars te brand, en met rietpypies heuning in te drup terwyl jy hulle nog bowendien aanmoedig, en die vermoeides na hul welbekende voedsel nooi. Dit sal ook help om die smaak van galappel by te meng, en verwelkte roosblare, of moskonfyt, dik gekook oor 'n groot vuur, of rosyntjies afkomstig van die Psithiese wynstok, en Atheense tiemie en duisendguldekruid met sy skerp reuk. In die velde is daar ook 'n blom waaraan die boere die naam 'amellus'[5] gegee het, 'n plant wat maklik te vind is vir dié wat daarna soek, want uit een enkele pol verhef dit 'n reusebos blare; die hart self is goudkleurig, maar in die kroonblare wat baie dig daarrondom uitskiet, glim die purper van die donker violet. Dikwels is die altare van die gode getooi met kranse wat daarvan gevleg is; die smaak is frank in die mond, en die herders pluk dit in die kaalgeweide valleie naby die kronkelende strome van die Mella. Kook hierdie plant se wortels in geurige wyn en plaas dit in vol mandjies by die korfingang as voedsel.

Maar as iemand se hele byekroos hom skielik in die steek gelaat het, en hy weet nie waaruit die ras in 'n nuwe stamlyn herstel

kan word nie, dan is dit tyd om ook die merkwaardige ontdekking van die meester uit Arkadië te onthul, en op watter manier bedorwe bloed al dikwels reeds bye uit gedode bulle voortgebring het. Ek sal dit weer van sy vroegste oorsprong af nagaan en die hele verhaal uitvoeriger ontvou. Want daar waar die geseënde volk van Pellaïese[6] Canopus langs die Nyl wat met sy oorstromende waters plasse vorm, woon en in beskilderde bootjies om hul landerye vaar; waar die naburigheid van pyl- 290
kokerdraende Persië hulle benou en die snelvloeiende rivier in sewe verskillende mondinge vertak nadat dit ononderbroke van die donkerkleurige Indiërs af neergevloei het en met sy swart slik, Egipte groen en vrugbaar maak, daar grond die hele streek sy vaste redding op hierdie kuns.

Eers word 'n klein en ingeperkte plekkie juis vir hierdie doel uitgekies. Hierdie plekkie sluit hulle in met 'n smal teëldak en eng saamgedringde mure, en sit daar vier vensters in die vier windrigtings in, met skuins-invallende lig. Dan word daar 'n bulkalf gesoek wat reeds horings op sy tweejaaroud voorkop laat krul. Sy twee neusgate en die asem van sy bek word ondanks sy hewige gespartel toegestop; hy word met houe dood- 300
gemaak, en sy vleis deur die ongeskeurde vel papgeslaan. So laat hulle hom in die ingeslote ruimte lê, en stoot stukkies tak, tiemie en varsgeplukte kaneel onder sy ribbes in. Dit word gedoen wanneer die Westewinde die golwe begin opstoot, nog voor die velde in nuwe kleure bloos, nog voor die kwetterende swaeltjie sy nessie aan die balke hang. Intussen gis 'n warm sugvog in die saggeworde beendere, en op wonderbaarlike wyse is daar lewende wesentjies te sien, eers sonder pote, maar weldra gons hulle ook met vlerke en wemel deurmekaar. Al meer en meer waag hulle dit die dun lug in, tot dat hulle tevoorskyn bars 310
soos 'n reënbui wat uit somerwolke stort, of soos pyle van die trillende boogpees af wanneer die beweeglike Parthe die eerste geveg aanknoop.

Watter god, o Muses, watter een het hierdie kuns vir ons gesmee? Vanwaar het die mensdom se nuwe ervaring sy oorsprong geneem? Op sy vlug uit Tempe langs die Peneusrivier, het die herder Aristaeus – so lui die verhaal – sy bye deur siekte en hongersnood verloor. Bedroef het hy by die heilige fontein van die stroom se oorsprong gaan staan met baie jammerklagtes, en sy moeder met hierdie woorde aangespreek: "O moeder, moe- 320

der Cyrene, u wat in die dieptes van hierdie maalstroom woon, waarom het u my uit die luisterryke stam van die gode gebaar – indien Apollo van Thymbra, soos u beweer, maar net my vader is – as voorwerp van haat vir die noodlot? Of waarheen is u liefde vir my verdryf? Waarom het u my laat hoop op die hemel? Kyk, selfs hierdie einste kroon van my sterflike lewe, wat die kundige versorging van oeste en vee nouliks vir my gesmee het terwyl ek alles op die proef gestel het, laat ek nou vaar – al is u my moeder. Nee wat, kom dan en ruk self met eie hand my vrugbare boorde uit; bring die vyandige vuur na my 330
stalle, verwoes my oeste, verbrand my plante en swaai die stewige byl teen my wynstokke, as so 'n groot afkeer van my verdienste u beetgepak het".

Maar in haar woonkamer onder die diep rivier het sy moeder die geluid gehoor. Om haar heen was die Nimfe besig om wol uit Miletus, gekleur met 'n ryk glasgroen tint, te spin – Drymo en Xantho, Ligea en Phyllodoce, hul glansende lokke oor melkwit nekke uitgestort; Cydippe en blonde Lycorias, die een 'n maagd, die ander een het toe pas haar eerste barenswee deurgemaak; 340
Clio en Beroe haar suster, albei dogters van die Oseaan, albei omgord met goud, albei met gespikkelde velle: Ephyre en Opis en Deïopea uit Asië, en die geswinde Arethusa wat op langelaas haar pyle opsy gesit het. In hul midde was Clymene besig om van Vulcanus se vergeefse voorsorg en Mars se liste en soete vryasies te vertel, en om die tallose liefdesavonture van die gode sedert die Skepping op te noem.

Onderwyl hulle, bekoor deur hierdie lied, die sagte wol om die spoel afgespin het, het Aristaeus se jammerklag weer eens sy moeder se ore getref, en almal het op hul stoele van kristal 350
verstyf. Maar voor die ander susters het Arethusa haar blonde kop bo die wateroppervlak uitgelig, vorentoe getuur en van ver af uitgeroep: "O suster Cyrene, nie verniet is jy doodverskrik oor so 'n luide weeklag nie: Aristaeus self moet jy weet, jou grootste sorg, staan bedroef by die water van vader Peneus en ween, en noem jou by name wreed." Deur 'n vreemde vrees in haar hart aangegryp, antwoord die moeder haar: "Bring hom, kom dan, bring hom na my: hy het die reg om die drumpels van gode te betree". Tegelyk beveel sy die diep stroom om wyd uiteen te vloei, sodat die jongman daarlangs kon binnekom. Maar rondom het die gewelfde water in die voorkoms van 360

'n berg gestaan, hom in sy ontsaglike boesem verwelkom en onder die rivier ingestuur. En reeds het hy aangestap, verwonderd oor sy moeder se woning, 'n koninkryk van water; oor die poele wat in spelonke opgesluit is, en oor die ruisende woude. Stomgeslaan deur die magtige beweging van die waters, het hy al die riviere, elkeen op 'n afsonderlike plek, onder die groot aarde sien voortgly: die Phasis, die Lycus, en die bron waaruit die diep Enipeus eerste voortbars: die waaruit vader Tiberinus, waaruit die Anio se strome, die donderende rotsagtige Hypanis en die Caïcus van Mysië ontspring, asook die Eridanus met twee vergulde horings op sy gesig van 'n bul, 370
onstuimiger as wie geen ander rivier deur die ryk geploegde lande na die purperkleurige see uitstroom nie.

Nadat hy in haar woonkamer met sy dak van hangende rotse aangekom, en Cyrene die ongegronde redes vir haar seun se trane verneem het, bied sy susters een vir een helder fonteinwater vir sy hande aan, en bring servette van gladgeskeerde vag. Ander belaai die tafels met feesgeregte en sit dan weer gevulde bekers daarop neer terwyl die altare van wierookvure walm. En toe sê sy moeder: "Neem die bokale met Maeoniese wyn: laat 380
ons 'n plengoffer aan Oceanus bring!" Met dié aanbid sy Oceanus, die Alvader, en die Nimfe, haar susters, wat oor 'n honderd woude, wat oor 'n honderd strome waak. Driemaal besprinkel sy die brandende altaar met helder nektar; driemaal het die vlam tot bo teen die dak opgeskiet en helder weerkaats. Met hierdie voorteken sterk sy sy moed en begin self soos volg:

"In Neptunus se Carpathiese waters, woon daar 'n siener, donkerblou Proteus, wat die ontsaglike seevlak met behulp van visse en 'n span twee-been perde deurkruis. Tans besoek hy weer 390
die hawens van Emathia en sy vaderland, Pallene. Hóm vereer sowel ons Nimfe as die hoogbejaarde Nereus self, want as siener weet hy alles – wat is, wat was, wat voortstrek en weldra sal gebeur. Sodanig, immers, is die wil van Neptunus, wie se reusagtige kuddes wanstaltige robbe hy onder die see se waters laat wei. Hóm, my seun, moet jy eers in boeie slaan, sodat hy vir jou die hele oorsaak van die siekte kan verklaar, en die uitslag daarvan gunstig maak. Want sonder dwang sal hy geen voorskrifte gee, en met soebat sal jy hom ook nie vermurwe nie. As jy hom gevang het moet jy forse geweld en boeie teen hom gebruik. Slegs hierteen sal sy liste hulle vergeefs te pletter loop. Wanneer 400

die son sy middaghitte laat ontvlam, wanneer die plante dors is en die skadu reeds aangenaam vir die kudde, sal ek self vir jou na die ou man se skuilplek neem, waarheen hy hom uit die golwe terugtrek as hy moeg is, sodat jy hom maklik kan oorval terwyl hy lê en slaap. Maar wanneer jy hom gegryp het, en met hande en boeie vashou, dan sal verskillende gedaantes en gestaltes van wilde diere jou uitoorlê. Want skielik sal hy 'n vark met stekelrige hare word, of 'n dodelike tier, 'n geskubde draak, 'n leeuwyfie met geelbruin maanhare; of hy sal die knettergeluid van vuur laat hoor en so uit jou strikke glip, of tot 410
'n dun straaltjie water versmelt en ontsnap. Maar hoe meer hy hom in allerhande gedaantes verander, des te stywer, my seun, moet jy sy knellende boeie aantrek, totdat hy na al sy gedaanteverwisselinge so sal lyk soos jy hom gesien het toe hy sy oë gesluit het aan die begin van sy slaap."

Dît sê sy, en giet helder, geurige ambrosia uit, waarmee sy haar seun se hele lyf bestryk. En kyk, 'n soet geur het uit sy mooi versorgde hare versprei, en lenige krag het in sy ledemate gevaar. Daar is 'n ontsaglike grot in die wand van 'n weggevrete berg waarheen tallose golwe deur die wind gedryf word en in baaitjies verder na agter opsplits, voorheen 'n allerveiligste ankerplek 420
vir seelui wat deur 'n storm oorval is. Daarbinne hou Proteus hom verskuil agter die versperring van 'n massiewe rotsblok. Hier laat die Nimf die jongman in 'n donker skuilhoek staan, weggedraai van die lig, en sy self, onsigbaar in 'n newel, gaan staan 'n endjie daarvandaan. Reeds het die versengende Hondster wat die dorstige Indiërs verskroei, aan die hemel gebrand, het die gloeiende son die helfte van sy baan verslind, was die gras aan verdor, en het die sonstrale die hol riviere in hul droë kanale verhit en tot klei gebak, toe Proteus uit die golwe kom en soos gewoonlik sy grot opsoek. Om hom heen baljaar die 430
druipnat volk van die uitgestrekte see, en wyd en syd spat hulle die sout druppels rond. Oral op die sand vly die robbe hulle neer en slaap; hy self — soos die wagter van 'n kraal op die heuwels soms maak wanneer die Aandstond die kalwers uit die weiveld huis toe bring, en die lammers met hul geblêr die wolwe wat dit hoor se vraatsug wek — gaan sit tussen hulle op 'n rots en tel hul getal.

Toe Aristaeus 'n geleentheid gebied word om hom te gryp, het hy die ouman skaars toegelaat om sy moeë ledemate neer te lê,

of hy storm met 'n luide geskree op hom af en oorval hom met boeie soos hy daar lê. Hy, daarenteen, vergeet nie sy vaardigheid nie en verander homself in allerhande wonderlike dinge: vuur, 'n 440
skrikwekkende wilde dier en 'n stromende rivier. Maar toe geen slim set vir hom ontvlugting verkry nie, keer hy gefnuik na sy eie gestalte terug, en praat op langelaas met mensemond en sê: "Wie het nou eintlik, allervermetelste van jongmanne, vir jou opdrag gegee om na my woning toe te kom? Of wat soek jy hier?" Maar Aristaeus sê: "U weet, Proteus, u weet dit self, en dit is ook nie moontlik om u in enigiets te bedrieg nie, maar u moet ook ophou om my te wil bedrieg. Ek volg die voorskrifte van die gode, en het gekom om hier van u 'n godspraak te vra vir my ontredderde bestaan." Slegs dît het hy gesê. Hierop het die 450
siener uiteindelik onder sterk dwang sy oë, gloeiend met 'n grysgroen glans, op horn gekeer en terwyl hy briesend sy tande kners, sy mond soos volg met noodlotsgebeure geopen:

"Die toorn van een of ander god kwel jou; groot is die sonde waarvoor jy boet! Arme Orpheus verwek hierdie straf teen jou – tensy die noodlot dit teenstaan – gewis nie volgens wat jy verdien nie, en hy gaan woes te kere oor die skaking van sy vrou. Sy, voorwaar, 'n meisie tot die dood gedoem, het nie die reuse-waterslang wat op die oewers skuil in die lang gras voor haar voete gesien, terwyl sy ylings langs die rivier vir jou gevlug het nie. Maar die skare bosnimfe, net so oud soos sy, het die 460
bergtoppe met krete laat weergalm. Rhodope se spitse het geween, ook die hoë Pangaea, en die land van Rhesus, aan Mars gewy, en die Getae, die Hebrus en Orithyia van Athene. Orpheus self het sy liefdesmart met sy uitgeholde lier gesus, en van jou gesing, geliefde vrou, van jou, alleen met homself op die eensame strand, van jou as die dag breek, van jou as dit daal. Hy het selfs die kake[7] van Taenarus, Dis se hoë ingang, en die woud, duister van somber verskrikking, betree; ook die Skimme en hul vreesaanjaende heerser, en die harte wat nie weet om deur die gebede van mense vermurwe te word nie, het hy 470
genader. Maar ontroer deur sy lied, het die yl skimme en gedaantes van hulle wat die lewenslig ontbeer uit die diepste wonings van Erebus[8] gekom, soveel duisende as die voëls wat onder die blare skuil wanneer die Aandstond of 'n reënbui in die winter hulle van die berge af verjaag – moeders en mans, gestaltes van fiere helde wat die lewe volbring het, seuns en ongehude dogters, en jongelinge voor hulle ouers se oë op die

brandstapel geplaas. Om hulle heen is daar swart modder en die afskuwelike riete van die Cocytus, die haatlike moeras met sy traagvloeiende water keer hulle vas, en die Styx wat negemaal 480 tussendeur vloei hou hulle gevange. Ja, selfs die woning van die Dood, die diepste dieptes van die Hel, en die Furieë met donkerblou slange in hulle hare gevleg, het oorstelp gestaan; Cerberus het sy drie bekke geluidloos oopgesper gehou, en die wiel waarop Ixion ronddraai, het mét die wind stil bly staan.

En reeds was hy besig om terug te keer en het aan alle gevare ontsnap. Eurydice, wat aan hom teruggegee is, het die lug van die bowêreld genader terwyl sy agter hom aanstap – want Proserpina het hierdie voorwaarde gestel – toe 'n skielike waansin hom, onbehoedsaam in sy liefde, beetpak – vergeeflik weliswaar, as die Skimme vergifnis geken het. Toe hulle reeds vlak onder die lig was het hy gaan staan, onnadenkend, helaas! 490 en in sy gemoed oorweldig, na sy geliefde Eurydice omgekyk. Op daardie oomblik was al sy moeite vergeefs, was die meedoënlose tiran se ooreenkoms verbreek, en driemaal is 'n donderslag oor die poele van Avernus[9] gehoor. Sy skree: "Watter waansin, Orpheus, watter ontsaglike waansin het my, rampsalige èn vir jou vernietig? Kyk, weer eens roep die wrede noodlot my terug en sluit die slaap my brekende oë. En nou, vaarwel! Omgewe deur 'n geweldige nag word ek weggesleur, terwyl ek, helaas! nie meer joune nie, my kragtelose hande na jou uitsteek." Sy het klaar gepraat, en skielik soos rook wat met yl lug meng, ver weg uit die gesig verdwyn, en hom nie weer daarna 500 gesien nie, howel hy vergeefs na die skadu's gegryp het en nog baie dinge wou sê. Ook die veerman van Orcus het hom nie toegelaat om weer die moeras wat sy weg versper, oor te steek nie. Wat kon hy doen? Waarheen kon hy hom wend noudat sy vrou hom al tweemaal ontroof is? Met watter geween kon hy die Skimme, met watter gebed die gode ontroer? Sy, immers, was reeds besig om koud in die bootjie van die Styx weg te dryf.

Sewe volle maande lank, sê hul, het hy aanmekaar geween onder 'n hoë krans langs die waters van die verlate Strymon, net hy alleen, en dat hy daar diep in 'n koue grot hierdie treurlied 510 ontplooi, en met sy lied die Tiers bekoor, en die eike in beweging gebring het: net soos 'n nagtegaal wat in 'n populier se skaduwee treurend kla oor haar verlore kleintjies wat die

hartelose boer raakgesien, en nog sonder donsies uit die nes gepluk het; maar sy ween die hele nag deur, en waar sy op 'n takkie sit, sing sy haar deerniswekkende lied oor en oor en vul die omgewing wyd en syd met haar droewige weeklag. Geen liefde vir 'n vrou, geen huwelikslied kon sy gevoel verander nie: eensaam het hy oor die ysvlakte van die Noorde rondgedwaal, langs die bevrore Don, en deur die velde wat nooit sonder Riphaeus se ryp is nie, terwyl hy kla dat Eurydice hom ontroof, en dat Dis se geskenk doelloos was. Die vroue van die Cicone 520
wat deur hierdie toewyding van hom gesmaad is, het die jongman gedurende die heilige rites van die gode en die nagtelike swelgfeeste van Bacchus verskeur, en die stukke oor die wye velde heen gestrooi. Selfs toe nog, terwyl Oeagrus[10] se Hebrus die kop wat van die marmerblanke nek geruk is, in die middel van sy stroom voortdra en om en om rol, het die blote stem en kille tong nog met die laaste vervlietende asem na Eurydice geroep, ag, arme Eurydice! En oral langs die hele rivier het die oewers weerklink : 'Eurydice!' "

Dît het Proteus gesê, en met 'n sprong in die diep see ingeplons, en waar hy ingeplons het, die skuimende water vinnig onder die kolking laat draai. Maar nie Cyrene nie, want uit haar eie het sy 530
die skrikbevange jongman aangespreek: "My seun, jy kan nou maar die droewe sorge uit jou hart laat vaar. Dît is die hele oorsaak van die pestilensie, en daarom het die Nimfe saam met wie sy altyd in die hoë bergwoude reidanse uitgevoer het, die aaklige einde oor jou bye gestuur. Bied jy as smekeling boetgeskenke aan, vra om genade, en vereer die inskiklike dalnimfe; want hulle sal vergifnis skenk op jou gebede en hulle toorn matig. Maar eers sal ek jou punt vir punt sê hoe jy moet bid. Soek vier pragbulle met voortreflike liggaamsbou uit, wat jy nou op die kruine van groen Lycaeus laat wei, en eweveel verse waarvan die nekke nog nie deur die juk aangeraak is nie. 540
Bou vir hulle vier altare op die hoë heiligdom van die godinne, laat die gewyde bloed uit hul kele vloei, en laat die beeste se karkasse self in 'n lowerryke woud agter. Daarna, wanneer die negende Daeraad sy opkoms vertoon, moet jy papawers wat vergetelheid bring as dode-offer aan Orpheus stuur, 'n swart skaapooi slag en weer die woud besoek. Eer dan vir Eurydice wat nou versoen sal wees, deur 'n kalf te slag."

Hy talm nie, en sonder versuim voer hy sy moeder se opdragte uit. Hy bereik die heiligdom, rig die voorgeskrewe altare op, bring vier pragbulle met voortreflike liggaamsbou, en net soveel verse waarvan die nekke nog nie deur die juk aangeraak is nie. Daarna, toe die negende Daeraad sy opkoms ingelei het, stuur hy 'n dode-offer aan Orpheus en besoek weer die woud. Maar hier aanskou hulle 'n onverwagte verskynsel, wonderbaar om te vertel: in die papverrotte vleis van die beeste, oral in die buik, gons daar bye; hulle borrel by die oopgebarste ribbes uit, en reusewolke van hulle trek deur die lug; nou pak hulle in 'n boomtop saam en hang in 'n tros aan die buigsame takke.

Hierdie dinge het ek oor landbou en die versorging van kuddes en oor bome gesing, terwyl die grote Caesar langs die diep Eufraat in oorlog gedonder, as oorwinnaar onder deemoedige volke wette voorgeskryf, en sy pad na Olimpus gebaan het. Gedurende daardie tyd het lieflike Parthenope vir my, Vergilius, gevoed, terwyl ek my verlustig het in die liefhebberye van roemlose leeglê – ek wat speelse herdersliedere gedig, en oormoedig in my jeugdigheid, Tityrus, van jou gesing het onder die blaredak van 'n wydgetakte beukeboom.

Notas

INLEIDING

1 Die woord is afgelei van die Grieks *boukolos,* 'n beeswagter.
2 Hierdie naam beteken "uitgesoekte gedigte", waarskynlik na analogie van Theocritus se idilles wat ook *Eclogae* genoem is.
3 Theocritus self het ook lank in die Groot Egiptiese stad Alexandrië gewoon en gewerk.
4 Hierdie tema word nog sterker beklemtoon in Vergilius se volgende werke, die *Georgica* en die *Aeneïs.*
5 *Vergil : Eclogues,* Cambridge Univ. Press, 1977, p. 35.
6 Hierdie twee komponente, die *dulce* en die *utile* is later deur Horatius *(Ars Poetica* 343-44) as die hoekstene van 'n literêre kunswerk gepostuleer.
7 *Virgil and his Meaning to the World of today* (1963), p. 65. Vgl. ook Alfred Tynnyson se gedig *To Virgil:*
Thou majestic in thy sadness
at the doubtful doom of human kind.
8 V. Pöschl : *Die Dichtkunst Vergils* (1950), p. 9.
9 Dis nie onwaarskynlik nie dat Antonius effens oorgewig geraak het tydens sy rondflankeerdery met Cleopatra, gepaard met talryke feesmale en swelgpartye. Hierdie selfde motief van glinstering en glans rondom Octavianus en tweederangsheid rondon Antonius vind ons herhaal in die *Aeneïs,* Bk. VIII, 678 e.v.
10 Dit is die eerste geskrewe aanduiding dat Vergilius van plan was om sy grootste werk, die nasionaal-historiese epos, die *Aeneïs* te dig.
11 *Virgil : Bucolics and Georgics* (1968), inleiding p. xxxviii.

ECLOGA I

1 Die Hybla was 'n berg in Sicilië; beroemde heuning is van die berg af verkry.

ECLOGA II

1 'n Koning en sanger van Thebae, wat saam met herders in die berge opgevoed is.
2 'n Beroemde fontein van Thebae.
3 'n Berg op die grens tussen Attica en Boeotië.
4 Die vernaamste held van bukoliese poësie, en herder aan die voet van Etna waar hy die fluitspel van Pan geleer het.
5 'n Waternimf van heilige bronne.

ECLOGA III

1 'n Beroemde sterrekundige van die derde eeu v.C.
2 Griekeland se grootste sanger. Met sy sang het hy die hele natuur in verrukking gebring, dermate dat hy bome en wilde diere aangelok het.
3 Dit wil sê, vir geen beoordelaar nie.
4 Die maan.
5 Vergilius se staatsmanvriend, self ook 'n digter.
6 Die Muses.
7 Dit wil sê vir Pollio wat 'n waarderende leser van literêre kunswerke was.
8 Bavius en Maevius was twee swak digters, tydgenote van Vergilius.
9 'n Spreekwoordelike uitdrukking vir 'n nuttelose taak.

ECLOGA IV

1 Die model vir Vergilius se bukoliese poësie was Theocritus van Sicilië.
2 Pollio, verkose konsul vir 40 v.C., en vriend van Vergilius.
3 Te Cumae het die Sibille die Sibillynse boek bewaar, waarin 'n orakelspreuk voorspel het dat die begin van 'n nuwe kringloop van die eeue in ±40 v.C. te verwagte was.
4 Astraea, beskermgodin van geregtigheid, wat die aarde verlaat het nadat die mensdom begin goddeloos word het.

5 Die Goue Eeu.
6 Godin van geboortes, maar hier = Diana, die Maangodin, suster van Apollo, die Songod.
7 Geen bepaalde kruid nie; dit stel slegs Oosterse weelde voor.
8 Die oseaan.
9 Die stuurman van die mitiese skip, die Argo, waarop die Argonoute weggevaar het om die goue vag in Colchis te gaan haal.
10 Trojaanse oorlog.
11 Die Grieke se groot held tydens die beleg van Troje.
12 Die Muse van epiese poësie.
13 Die skutsgod van minnesangerskuns.

ECLOGA V

1 'n Italiese godin, beskermster van vee en weivelde.
2 'n Stad in die Noorde van die eiland Chios, baie beroemd om sy wyne.
3 'n Stad op Kreta.

ECLOGA VI

1 Die digter se Muse.
2 Dit wil sê bukoliese verse; Theocritus, die uitvinder van bukoliese poësie, was in Syracusa gebore.
3 Apollo.
4 Die berg in midde-Griekeland wat aan Phoebus (=Apollo) en die Muses gewy was.
5 Dit wil sê soveel as wat die aanhoorders Silenus se lied bewonder.
6 Berge in Thrasië, verbonde aan die Orpheus-legende.
7 Hierdie woorde is deur Pasiphaë uitgeroep.
8 Die Griekse digter Hesiodus.

ECLOGA VII

1 Die Muses was die dogters van Mnemosyne, dit wil sê "Geheue"; hulle put dus uit hulle eie geheue om die sangers te inspireer.
2 'n Grot in die Heliconberg, wat aan Apollo en die Muses gewy was.
3 Volgens oorlewering kon hierdie plant towerkrag afweer.
4 Diana.
5 Natuurlik omdat hy so na Galatea verlang.

ECLOGA VIII

1 Die digter spreek sy vriend Pollio hier aan: die gedig is aan hom gerig.
2 Om op die huweliksaand in 'n prosessie na die bruid se toekomstige huis gedra te word.
3 'n Vrugbaarheidsritus by 'n Romeinse huwelik, of miskien simbool van die bruidegom se neerlegging van sy seunskap.
4 Medea.
5 Cupido (=Amor= Liefde).
6 Dil wil sê die beeldjie van Daphnis.
7 Ek lees vv. 105-106 sonder aanhalingstekens.

ECLOGA IX

1 Skuilnaam van Vergilius.
2 Orakelduiwe van die ou stad Dodona in N-W Griekeland, waarvan Chaonië 'n distrik was.
3 Varus het vir Pollio opgevolg as goewerneur van Gallia Cisalpina. Cremona is eerste aan die Driemanskap se veterane uitgedeel, maar dit was nie genoeg nie. Mantua sou waarskynlik nou ook aan die beurt kom.
4 Heuning van Korsika was bitter, en dus ongewild.
5 Begaafde en beroemde digters, tydgenote van Vergilius.
6 Nl. met voorbereiding om te begin sing, ter aanvaarding van die uitdaging in v. 30.
7 'n Komeet wat tydens die rouspele ter ere van Julius Caesar verskyn het, en wat as teken van sy vergoding beskou is.
8 Volgens 'n Romeinse bygeloof sou 'n mens sy stem verloor as 'n wolf hom eerste raaksien.
9 Om vir Menalcas te hoor sing.

ECLOGA X

1 'n Waternimf wat op vlug voor die riviergod Alpheus in 'n stroom verander, en onder die see deur gevloei het om op die eiland Ortygia, naby Syracusa, weer as 'n fontein tevoorskyn te borrel.
2 C. Cornelius Gallus, die digter se vriend.
3 Lycoris, skuilnaam van Cytheris, die ontroue minnares van Gallus.
4 Die see.
5 Eikels is in water geweek as voer vir beeste in die winter.

6 Gallus.
7 Gallus het 'n gedig van Euphorion van Chalcis in Latyn vertaal.
8 Kretensiese, want Cydonia was 'n stad op Kreta.
9 Die god van liefde.
10 Die god van liefde.

GEORGICON I

1 In hierdie verse word die onderwerpe van die vier boeke van die *Georgica* meegedeel: akkerbou, die kweek van bome en die wynstok, veeteelt, en byeboerdery.
2 Aristaeus (vgl. Bk. IV)
3 Triptolemus.
4 Konstellasie van die Skerpioen (Scorpio).
5 Nie soseer van die bebouing self as van die toestande vir bebouing nie, nl. nat somers en droë winters.
6 Demeter, tot eer van wie misterie-ritusse te Eleusis uitgevoer is.
7 Die gigante.
8 Die planeet Mercurius.
9 Die see-arend. Nisus, 'n koning van Megara, se stad is deur Minos beleër. Nisus se dogter, Scylla, het verlief geraak op Minos en die purper haarlok waarvan haar vader se lewe afgehang het, van sy hoof afgeskeer, met die gevolg dat hy met die inname van die stad gesterf het. Nisus is deur die gode in 'n see-arend verander, en Scylla in 'n ander soort seevoël.

GEORGICON II

1 Die eike van Dodona.
2 Ek lees 'n puntkomma aan die einde van v. 64, en sonder die punt in die middel van v. 65. Vgl. T.E. Page en H.R. Fairclough en Will Richter ad loc.
3 Jupiter.
4 Ek lees 'n puntkomma aan die einde van v. 70, en *fagus* in v. 71, sonder enige leesteken. Vgl. T.E. Page en Will Richter ad loc.
5 In v. 106 lees ek *discere* in plaas van *dicere*.
6 Die beroemde wyn van die Massicusberg in Campanië.
7 Die Adriatiese en Tirreense seë resp.
8 Ek lees *artis* i.p.v. *artem* in v. 174. Vgl. Will Richter ad loc.
9 Dit wil sê 'n lied van Hesiodus, wat in Ascra gebore was.

10 Die aarde.
11 Dit wil sê elke nuwe dag se nuwe son nadat dit gedurende die winter nie geskyn het nie.
12 Moontlik die buffel.
13 Die Atheners.
14 'n Streek in Noord-Oos Palestina.
15 Die olyf.
16 Die god van die wynpers.
17 Jupiter.

GEORGICON III

1 Apollo.
2 Helicon.
3 'n Berg in Armenië wat Armenië as geheel voorstel.
4 Apollo.
5 Sisyphus s'n.
6 Nimfe.
7 Ek lees *fremens* i.p.v. *premens*
8 Thessalië.
9 Nl. om òf reisies- òf oorlogsperde te teel.
10 Die oorlogsperd wat pas beskrywe is.
11 Vgl. Georgicon I, 12-14.
12 Die perdevlieg.
13 Io.
14 Noordelike.
15 Ek lees *pernix* i.p.v. *pernox* in v. 230. Vgl. Heinz Hofmann, *Acta Classica* XX (1977), p. 216.
16 Leander, wat deur die Hellespont na sy geliefde Hero geswem het.
17 'n Bron aan Apollo en die Muses gewy, naby Delphi geleë.
18 Geleë in Libië.
19 Sowel skape as bokke.
20 Die see van Asof.
21 Die Donou.
22 Vgl. nota by Georgicon II, 143.

GEORGICON IV

1 Die swaeltjie.
2 D.w.s. die Groot Moeder = Cybele.

3 Tarentum.
4 D.w.s. sonder bevrugting.
5 Die purper Italiaanse aster.
6 Macedoniese.
7 'n Grot.
8 Die Onderwêreld.
9 Die Onderwêreld.
10 Thracië.